**25 Julie**

Skrifgedeelte: Hosea 9 en 10

# Uitgekies tot diens

God het die volk gekies nie om ledig rond te sit en niks te doen nie; nie om te leef en te maak soos hulle goeddink nie. Hy het hulle gekies om aan Hom diensbaar te wees.

Dit is nie Israel wat God uitkies nie. Die inisiatief kom van God. Hy kies uit. Hy het Israel gevind. Hy het hulle vaders gesien (9:10). Die woorde “gevind” en “gesien” is woorde wat op die verkiesing wys. Israel het dit nie verdien nie. Eintlik is dit ’n verrassing dat Hy hulle onder al die volkere uitgekies het. Sy verkiesing is een groot genadedaad.

Die Here sê ook waartoe Hy die volk uitverkies het (10:11, 12). Om die dorsvloer te trap, was baie makliker as om te ploeg en te eg. Dit het ook meer voordele ingehou. Die dier kon al etende werk. Om die ploeg te trek, vra al jou krag. Dit vra groter verantwoordelikheid.

Vir die dorsvloerwerk, dit wat maklik is en selfbevrediging en voordeel bring, daarvoor het hulle kans gesien. Hulle het hulle offers gereeld tempel toe gebring en die verskillende feeste het hulle getrou onderhou.

Maar vir die ploegwerk, om na die wil van God te vra, Hom alleen te dien en die nek gewillig onder die juk van sy gebooie in te skuif, daarvoor het hulle nie kans gesien nie.

’n Mens kan God alleen dien omdat jy in Christus uitverkies is om heilig en onberispelik voor Hom te lewe. Wat meer is, Hy het sy Heilige Gees aan jou gegee om jou as eiendom van God te beseël (Ef 1:4, 13).

Sing: Skrifberyming 24:1, 2

Ds CS Grobler (Emeritus)